

'n Lappie groente

Borduur 'n voorskoot met jou gunstelinggroente daarop. Deur Retha Krieg

BENODIGDHEDE

0,5 m suiwer katoenmateriaal om die voorskoot mee te maak
14 ct Aida borduurgaas
Borduurgaring soos op diagram aangedui
Borduuraam
Ronde nr. 24-borduurnaald
Bypassende garing vir die voorskoot
Lint of katoenkoord van 2,5 cm breed en 150 cm lank vir die bande



AANWYSINGS

1. Merk met rygsteke die middel van die borduurgaas en werk die rafelrande om.
2. Span borduurgaas in die borduurraam: plaas dit oor die binneste ring en druk die buitenste ring daaroor. Draai die skroef stewig vas. Die borduurlap moet effens oor die raam gestrek wees.
3. Bepaal die middel van die diagram. Gebruik twee drade stringkatoen. Borduur volgens diagram.

4. Elke blokkie van die diagram verteenwoordig een kruissteek wat in dieselfde rigting lê.
5. Trek blokkies van 2 x 2 cm met 'n viltpen op koerant- of bruinpapier om as grafiekpapier te dien.
6. Trek die voorskootpatroon na volgens die diagram (1 cm-naattoelating is ingesluit).
7. Knip die voorskoot uit en knip 'n ekstra strook van 6 cm breed en 20 cm lank.
8. Plaas die geborduurde gaas met die regte kant op die voorskoot se regte kant en stik vas. Werk die rafelrande af. Pars die naat netjies na onder en stik plat met 'n stiksel bo-op.
9. Knip 'n strook van 60 cm uit die koord of lint om om die nek te plaas. Pars 'n dubbele soom van 1 cm om die 6 cm-strook. Plaas die band in plek op die strook ongeveer 4 cm van die kante af. Vou die rafelrande van die band onder die dubbele soom in en stik vas met 'n dubbelstiksel.

10. Stik die borduurgaas se borand aan die onderrand van die los strook vas, pars netjies, werk die rafelrande af en stik die naat na bo vas met 'n afwerkingstiksel bo-op.
11. Vou reg rondom die voorskoot 'n dubbelsoom van 1 cm en pars plat. Knip die oorblywende koord of lint vir die band middeldeer. Druk die rafelrand van die band aan elke kant onder die dubbelsoom se vou in en stik vas. □

Borduur ook 'n paar hoendertjies en gebruik dit as patroontjies vir jou ontbyt-tafeldoek of vir 'n plekmattie of servet. Die patroon kan by **rooi rose**-handwerk, PostNet Suite 192, Privaatsak X2600, Houghton, 2041, bestel word.



DMC	117
↔↔	772
↔↔	700
♥♥	702
◇◇	704
≡≡	415
—	P.P.

